# Nico van Gijsen: Pasop, jou pensioengeld is nie so seker by die dood

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-pasop-jou-pensioengeld-is-nie-so-seker-by-die-dood-20260731-0524

Nico van Gijsen July 31, 2026

**Almal word aangemoedig om te spaar in ’n pensioenfonds, ’n uittree-annuïteit of verkieslik albei, en dit is goed, maar net totdat jy doodgaan, skryf Nico van Gijsen.**

Hier is die kort boodskap: Jy het geen sekerheid oor wie jou (voor-aftrede-)pensioengeld gaan kry ná jou dood nie.

So, om te keer dat jy in jou oggendkoffie verstik, sit die beker neer en lees eers wat ek hier skryf. Jy kan dalk ietsie sterker nodig hê aan die einde hiervan.

Ons word almal aangemoedig om te spaar in ’n pensioenfonds, of ’n uittree-annuïteit (UA), of verkieslik albei. Die grootste rede is die belastingvoordele en die beskerming van jou pensioengeld (ingesluit UA) teen byvoorbeeld skuldeisers.

Dit is goed en dit is mooi. Maar net totdat jy doodgaan. Dan verander die prentjie heeltemal.

## Art. 37C

As jou pensioengeld bedoel is om as deel van jou finansiële beplanning jou benoemde, ingesluit ’n gade of lewensmaat, te bevoordeel, dink weer. Dit gaan nie oor wie jy benoem het nie. Dit speel wel ’n rol. Maar die trustees van die fonds het die finale sê in waar jou geld gaan opeindig.

Dit kan iemand wees wat jy nie wou bevoordeel uit jou pensioenfonds nie. Dit kan selfs jou huishulp of iemand heel anders wees.

Ek gaan nie die hele wet hier herhaal nie. Ek wil by werklike voorbeelde uitkom.

Art. 37C van die Wet op Pensioenfondse (24 van 1956) plaas ’n verpligting op die trustees van die fonds om by jou dood te soek na afhanklikes en kan dan die pensioengeld óf ten volle óf gedeeltelik aan daardie afhanklikes oorbetaal.

Die definisie van ’n afhanklike is so wyd soos die Heer se genade. In dieselfde mate is dit ’n sosiale toekenning, eerder as ’n wetlik voorgeskrewe toekenning. Die trustees van die fonds het die mag van oordeel.

Ek kyk nou kortliks na twee bevindings deur die pensioenfondsberegter. Die sake beland by die pensioenfondsberegter nadat mense kla oor die besluit van die trustees.

## Lewensmaat

In die geval van Du Toit vs. Lifestyle Annuity Fund het die raad van die fonds besluit om 100% van die volle fondsvoordeel (R834 277.57) aan die oorledene, J, se lewensmaat, G, uit te betaal.

Die oorledene se broer het versoek dat ondersoek ingestel word. Hy het onder meer aangevoer dat G en J nie wettig getroud was nie, maar toegegee dat daar ’n seremonie in ’n kerk was waaroor ’n seën uitgespreek is.

Die bevinding was dat G die oorledene se lewensmaat was en as sulks haar enigste afhanklike. Broers, susters, ander familie, en selfs diegene wat benoem is as begunstigde (en dit is belangrik), tel nie.

Die klagte is van die hand gewys.

## Wie is ’n afhanklike?

Die tweede saak, Nel vs. Allan Gray Retirement Annuity Fund, wys wie ’n afhanklike is.

Die oorledene, mev. C, was lid van die genoemde Allan Gray UA-fonds. Haar man, mnr. C, was die enigste benoemde vir die pensioenvoordeel. Hulle het geen kinders gehad nie.

Sy is op 21 September 2024 oorlede. Haar man het haar twee weke later gevolg.

Tydens hul lewe het me. T vir hulle as huishulp gewerk tot en met haar (me. T) se aftrede. Ná die aftrede het mev. C aan me. T maandeliks ’n bedrag van R3 500 betaal vir onderhoud en kruideniersware.

Ná mev. C se dood, het die klaer in die saak, me. N, in haar hoedanigheid as eksekuteur van die boedel, voortgegaan om die maandelikse bedrag van R3 500 aan me. T te betaal.

Die C’s het ook in hul onderskeie testamente elk ’n bedrag van R200 000 aan me. T bemaak.

Die trustees van die fonds het nietemin die volle UA-bedrag van R1 890 631.03 aan me. T toegeken.

Me. T het by die beregter aangevoer dat sy 31 jaar lank vir die C’s gewerk het en dat hulle haar soos ’n dogter behandel het en dat sy finansieel afhanklik van mev. C was.

Die gronde vir die uiteindelike bevinding is belangrik.

Mnr. C was mev. C se afhanklike. Al was hy ook ’n benoemde vir die voordeel, tel sy status as afhanklike meer.

Dit is egter die datum waarop sy feitelike afhanklikheid bepaal word wat ter sake is. En hier het die beregter hom beroep op die bevinding van die konstitusionele hof in die saak Mutsila v Municipal Gratuity Fund and Others [2025] ZACC 17, wat beslis het die korrekte datum die datum is van die oorledene se sterfte.

Hy was dus ’n afhanklike by haar dood.

En dit sou tot gevolg hê dat minstens ’n deel van die geld aan sy boedel sou moes uitbetaal.

Maar art. 37C vereis ’n regverdige verdeling. En om dit te doen, kan die trustees veranderde omstandighede in ag neem. Mnr. C se dood is so ’n veranderde omstandigheid.

Dit alles om by die punt uit te kom dat me. T die enigste oorlewende afhanklike is. Die geld wat sy geërf het, nieteenstaande.

Wat om te doen?

• Beplan jou geldsake met die hulp van ’n gesertifiseerde finansiële beplanner, iemand met die betiteling CFP®, dan is jy verseker van bewese kundigheid en voldoening aan etiese vereistes.

• Jou benoemdes in jou pensioen- of uittree-annuïteitsfonds is onderhewig aan die besluit van die trustees, soos ons hierbo sien. Neem dit in ag.

• Gee aandag aan wie moontlike as jou afhanklikes gereken kan word. Dalk is dit ’n huishulp, soos hierbo, ’n kind, of ’n familielid aan wie jy maandeliks ’n geldjie voorskiet.

• Selfs al benoem jy ’n gade of lewensmaat om jou volle pensioenvoordeel te ontvang by jou dood, moenie daarin berus nie. Die trustees kan ’n verdeling doen, selfs in so ’n geval.

• As jy iemand bevoordeel deur byvoorbeeld lewensversekering of uit spaargeld, maak dit ’n voorwaarde in jou testament dat die bemaking net geld indien die begunstigde afstand doen van enige eis teen jou pensioenfonds.

• *Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is ’n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan* nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za